Posbus 3
GIYANI
0826

7 Junie 1992

Die Sekretariaat
KODESA

Posbus 307
ISANDO

1600

Geagte Meneer
GEBRUIK VAN AFRIKAANS BY KODESA

Ek rig hierdie briefie graag aan u op versoek van die Kremetart Rapportryerskorps.

Die gebruik van die Springbok as sportembleem en die Stem as volkslied word deesdae deur gekose sowel as selfaangestelde sportliggame misken. Hierop is daar dan ook van Regeringskant heftig gereageer en is hierdie liggame as arrogant, ondemokraties en ongevoelig beskryf. Ons deel ook hierdie siening en sou selfs wou sien dat daar nog meer druk op hulle uitgeoefen moes word.

Iets wat ons egter nie mooi kan verstaan nie is waarom daar nie met dieselfde heftigheid gereageer word oor skromelike afskeping van Afrikaans by KODESA nie. As een van die amptelike tale van ons land, behoort Afrikaans tog sy regmatige plek in te neem by die onderhandelings. Ons besef dat die vertalingsfasiliteite hoÃ©r koste sou meebring, maar dis seker nie genoegsame verskoning vir die Engelse eentaligheid by sulke belangrike onderhandelings wat die hele toekoms van ons land sal bepaal nie.

Ek kan u verseker dat ons Korps hierdie versoek om Afrikaans tog maar sy regmatige plek te gee, nie doen omdat ons enige politieke oogmerke het nie, maar slegs omdat ons so th groot liefde vir ons Moedertaal, Afrikaans het.

Baie dankie vir u simpatieke oor.

Die uwe

[6]